

\* ENGLISH TEXT BELOW

## **MAANDELIKSE NUUSBRIEF: OKTOBER 2017**

**Geagte HSAG-belegger / Mnr / Mev / Mej [Customer Name]**

**Hierdie nuusbrief is aan u as lid van die Hoëveld Sindikase Aksiegroep (“HSAG”) geadresseer op grond van die feit dat u ’n belegging in die sindikase gemaak het en waarna u by die Klas-aksie by wyse van die HSAG aangesluit het.**

**Alhoewel e-posse van tyd tot tyd uitgestuur word is die [www.hsaction.co.za](http://www.hsaction.co.za) webtuiste die plek waar u inligting kan bekom.**

**Hou ons asseblief op hoogte van enige veranderinge van u kontakbesonderhede.**

**In hierdie nuusbrief bevestig ons weer die doelwit waarvoor die HSAG gestig is, die finansiering van die Klas-aksie litigasie, bring ons u op hoogte met die regsaksies, en gee ons vir u terugvoer op media-navrae.**

### **1. OORSIG**

Die HSAG het tot stand gekom uit ’n groot groep ongelukkige beleggers dwarsoor Suid-Afrika in die Hoëveld Sindikase Maatskappy (HS15-22) wat besluit het om ’n klas-aksie in te stel teen mnr Nic Georgiou en andere vir die skades en verliese wat hul in die onsuksesvolle HS15-22 maatskappy gely het.

Die regspan is positief oor die meriete van die saak omrede elkeen van die HSAG-lede in goeie trou kapitaal belê het in eiendomsindikase-maatskappy wat miljarde rande se onbelaste eiendomme sou besit het, maar die eiendomme asook geld daarvoor betaal intussen “verdwyn” het.

Weens die roekelose en/of nalatige bedryf en hantering van die HS15-22 besigheid en fondse, het die HS19-22 maatskappy eiendomme vanaf mnr Nic Georgiou/sy entiteite gekoop én betaal, maar het Mnr Georgiou nie die eiendomme oorgedra soos ooreengekom nie.

In die HS15-18 moes die eiendomme onbelas wees maar kla die HS-lede dat hulle onder ’n wanindruk gebring was dat daardie maatskappy in besigheidsredding geplaas moes word, waaruit die onbelaste eiendomme weer op ’n roekelose en/of nalatige wyse verkoop is en die HS-lede gevolglik groot skades en verliese gely het.

Danksy die HSAG en sy lede kon hierdie groep ontevrede beleggers ’n klas-aksie van stapel stuur wat eiesoortig is. Wat befondsing betref het die HSAG ’n fraksie van elke lid opgevra wat nodig is om sake van hierdie enormiteit te dryf. Ongelukkig het almal nie hul kant finansieel gebring nie.

## **2. DRYFVEER EN DOELWITTE VAN HSAG**

Die hoofdoelstelling van die HSAG is om die Hooggeregshof van Suid-Afrika by wyse van aansoek te nader vir die verkryging van hofbevele namens beleggers in HS 15 – 22 wat beveel dat 'n Klas-aksie/s teen mnr Nic Georgiou, sy seuns, hul entiteite en ander Respondente in te stel vir die verhaling van skades en verliese wat beleggers in die mislukte Highveld Sindikasie Maatskappye 15 – 22 gely het.

Die twee onmiddellike sake waarby die HSAG tans betrokke is, is die sertifisering van die Klas-aksie asook die tersydestelling van 'n Reëlinskema kragtens Art 155 van die Maatskappyyewet. Die Reëlinskema behels onder andere dat mnr Nic Georgiou, sy seuns, hul entiteite en ander Respondente algeheel kwytgeskeld en gevrywaar word van persoonlike aanspreeklikheid. Die hofbekragting ten opsigte van die Reëlinskema was heimlik verkry en moet tersyde gestel word om die verhalingsproses teen individue voort te sit.

Indien die hof saamstem met die saak van die HSAG, sal die Reëlinskema tersyde gestel word en sal die Hoëveld Sindikasiemaatskappye 15 - 22 terugval in besigheidsredding. In so 'n geval sal mnr Hans Klopper – die besigheidsreddingspraktisyn aangestel deur die hof – waarskynlik versoek word om te bedank. HSAG-lede is van mening dat Klopper nie in hul beste belange opgetree het nie. Indien 'n nuwe besigheidspraktisyn onafhanklik aangestel sou word, sal hy versoek word om die nodige stappe te neem ten einde die maatskappye se belange te dien en sal die HSAG kan voortgaan met die sertifikasie-aansoeke van die Klas-aksie.

Tot tyd en wyl die HSAG suksesvol is met die tersydestelling van die Reëlinskema, is Orthotouch/mnr Nic Gougiou kragtens 'n hofbevel verplig om maandeliks rente aan beleggers te betaal. Orthotouch kan dus nie summier ophou met die betalings nie. Dit is egter ons mening dat daar met die rentebetelings voortgegaan kan word dienooreenkomstig die inkomste wat gegenereer word uit die geboue sonder die Reëlinskema.

## **3. TERUGVOER OP HSBF-NUUSFLITS**

Na letterlike weke se stilswye het die HSBF weer onlangs 'n verdere nuusflits na HS-beleggers gestuur. Soos in die verlede word verskeie valse aantygings en onwaarhede aan beleggers oorgedra in sodanige nuusflitse.

Die algemene trant van die skrywe is om die doen en late van die prokureurs en die HSAG te kritiseer en te bevraagteken. Daar word op die beleggers se emosies gespeel met *inter alia* dreigemente oor teen-eise vir die betaling van rente asook terugbetaling van skikkingspaaielemente reeds deur Orthotouch gemaak.

Voorts is die skrywe deurtrek met onwaarhede, byvoorbeeld kwansuis dat “Theron sommer die BRP sal vervang”, terwyl die kommentaar baie duidelik was dat daar waarskynlik aansoek gedoen sal word vir die vervanging van die huidige reddingspraktisyn. 'n Finale besluit sal mettertyd geneem word.

Dieselfde dreigemente word gemaak soos in die vorige skrywes rakende die terugeis van gelde, die posisie waarin Orthotouch hulself sal bevind as die aansoek vir die tersydestelling van die Reëlinskema suksesvol sou wees, en die posisie waarin beleggers hulself sal vind wanneer die skuldeisers van Orthotouch moontlik hul gelde kom opeis.

Ten opsigte van bogenoemde dreigemente verwys ons u graag na Paragraaf 8 van hierdie skrywe, waarin die regsopinie van 'n HSAG-advokaat uiteengesit is.

Die ongegronde bewering dat die HSAG sy lede met fopnuus sou dien, is slegs dit: 'n leë bewering. Ons het u nog altyd met die ware feite met betrekking tot die hofsake en doen en late van die HSAG-prokureurs voorsien. Ons het verder 'n volledige webtuiste wat gereeld opgedateer word, en besigtig kan word by [www.hsaction.co.za](http://www.hsaction.co.za). Ons stuur maandeliks nuusbriewe uit na alle HSAG-lede en het voltydse personeel wat u telefoniese en e-pos navrae na die beste van hul vermoëns hanteer.

Die HSAG bevestig dat alle gelde in 'n aparte Prokureurstrustrekening gehou word, welke rekening jaarliks geoudit word. Kostekonsultante stel ons kosterekeninge op, wat voldoen aan die algemene regspraktyk.

'n Verdere bewering wat gemaak word is dat die HSAG maand op maand slegs geld vra. Dit mag so wees, maar dit val kort van die volle waarheid. Die HSAG bestaan uit 'n groep van duisende lede. Elke dag, week en maand is daar lede wat hul bydraes maak na aanleiding van ons versoeke. Die HSAG preek nie vir die spreekwoordelike bekeerdes nie, maar wél vir diegene wat nie hul kant bring nie.

Die werklikheid is egter dat hofsake baie duur en tydrowend is. Die gemiddelde Hooggeregshof-saak kan maklik enige iets van drie tot vier jaar duur. In die geval van die klas-aksie het ons te make met meer as 7 000 HSAG-lede wat landwyd verspreid is, asook met 'n teenkant wat alles in hul vermoë doen om die saak te vertraag. Soos 'n gasspreker onlangs op Moneyweb bevestig het, is daar twee belangrike opmerkings (buiten sy voortdurende waarskuwings om nie in Pickvest-beleggings te doen nie) wat beleggers in gedagte moet hou:

- (a) Dat die Georgiou's 'n sg. "Stalingrad" teenstand sal bied. Dus, elke moontlike denkbare verweer sal opwerp; en
- (b) Dat Mnr Georgiou 'n baie welgestelde man is. In die Pickvest-sage het hy volgens hofstukke ongeveer R4.6 miljard gevorder waarvan R3.2 miljard is vir eiendomme wat hy verkoop het aan HS19-22 en die geld ontvang het maar nie die eiendomme oorgedra het nie! Wat het van daardie geld geword?! Benewens daardie bedrag was daar ongeveer R1.4 miljard se eiendomme in HS15-18 wat nie met verbande beswaar moes wees nie. Wat het van daardie eiendomme of die geld wat deur vervreemding van tersaaklike eiendomme geword?

Die bovermelde is presies waarvoor die HSAG hom en die ander respondente aanvat!

Ons bring dit weer onder die beleggers se aandag dat lidmaatskap tot die HSAG absoluut vrywillig is. Indien u met die HSAG klas-aksie wil voortgaan moet ons egter op u finansiële en morele ondersteuning kan staatmaak. Omdat die meerderheid van beleggers pensioenarisse is met baie beperkte fondse, is elke persoon se bydrae van uiterste belang. Daarom die deurlopende aanmoediging tot ondersteuning.

Vir die HSAG om die enorme regsgedinge te dryf in die stryd om die beleggers se geld (nagenoeg R4,6 miljard) terug te eis van die Respondente, behels vanselfsprekend dat yslike uitgawes en kostes aangegaan moet word.

Die bydrae tot regs- en administrasiekoste tot op hede versoek en gehef, is op die grondslag bereken dat alle geregistreerde HSAG-lede hul betalings getrou sal maak. So word verseker dat die ledebydrae tot die minimum beperk word. Vir hierdie saak om suksesvol te wees moet alle lede egter hul kant bring. Dit is slegs deur saam te staan dat ons die beginsel “Eenheid is Sterkte” kan omskakel in ’n werkbare dryfkrag.

Om die meerderheid beleggers (bejaardes en pensioenarisse) tegemoet te kom word die afbetaling van die heffings in paaiemente reeds toegelaat en sal ’n debietorderfasiliteit binnekort implementeer word vir slegs beleggers wat agterstallige regs- en registrasiekostes het (verwys asseblief na par.6 hieronder).

Die HSBF beweer dat ons litigasie voer namens die HSAG se Administratiewe personeel wat persoonlik aangevat word. Geen litigasie onkoste word namens die HSAG se Administratiewe personeel aangegaan nie, en is die beweringe pure strooi. Enige partye wat hierdie punt betwis is welkom om met konkrete bewyse na vore te kom. Die HSBF se aantyging dat die HSAG se Administratiewe personeel voordeel trek uit die beleggers se bydraes is suiwer spekulasie, en strook met die res van die HSBF se fopnuusbriewe/flitse. Buiten mnr Helgard Hancke wat uitgevang was dat hy die eienaar van die HSBF-webtuiste is, is die HSBF ’n gesiglose organisasie wat ongetwyfeld deur mnr Nic Georgiou en Orthotouch befonds word om hulle saak te sterk.

Die HSBF is duidelik besig met ’n veldtog om die beleggers te ontmoedig om voort te gaan met die beplande klas-aksie – die eerste aksie wat ons beskou as die enigste weg waarlangs die beleggers hul geld kan terugeis.

#### **4. LEDE BYDRAES EN REGISTRASIEKOSTE**

Befondsing van ’n saak van hierdie enormiteit is en sal sekerlik altyd een van ’n aksiegroep se grootste uitdagings wees. Baie persone voel gegrief en verontreg omdat hulle van hul lewensspaargeld ontnem is. Hulle is daarby kwaad omdat die regering se masjinerie en meganismes wat disfunksioneel is en hulle nie teen hul verliese beskerm word nie. Ernstige aantygings word verder gereeld gemaak teen die vervolgingsgesag en die Valke, wat mense moedeloos maak. Die enigste opsie bly dus vir beleggers om saam te staan. Dit is immers hulle saak.

Dit is van uiterse belang dat HSAG-lede seker moet maak dat hul registrasie- en regs-koste so spoedig as moontlik op datum gebring word, ten einde die HSAG-prokureurs in staat te stel om die saak namens die beleggers te dryf.

Die onlangse verdagmakery van mnr Nic Georgiou en sy agente dat die prokureurs tientalle miljoene rande vanaf beleggers ontvang is bloot onwaar. Van die nagenoeg 7 000 HSAG-lede is daar duisende lede wat ongelukkig nie hul kant bring nie.

Die HSAG-prokureurs het verdermeer die voortou geneem en nou vir etlike jare gewerk sonder om ál hul gelde waarop hul geregtig is te hef. Hul rekeninge is, hoofsaaklik weens 'n groot aantal lede wat min of géén finansiële bydrae maak, onbetaald.

Lede word versoek om voort te gaan om hul ondersteuning aan die HSAG te toon in die proses waardeur die enorme verliese deur die beleggers gely, verhaal word, deur getrou hulle jaarlikse bydraes te lewer. Alhoewel dit 'n las plaas op die administrasie van die HSAG, kan die jaarlikse bydraes selfs in paaiemente betaal word.

Vir die HSAG om die enorme regs-gedinge te dryf in die stryd om die beleggers se geld (nagenoeg R4,6 miljard) terug te eis van die Respondente, behels voltydse aandag en die aangaan van groot uitgawes.

Die bydrae tot regs- en administrasiekoste tot op hede gehef is op die grondslag bereken dat alle geregistreerde HSAG-lede hul betalings getrou sou maak. So word verseker dat die ledebydrae tot die minimum beperk word. Vir hierdie saak om suksesvol te wees moet alle lede egter hul kant bring. Dit is slegs deur saam te staan dat ons leuse "Eenheid is Sterkte" kan omskakel in 'n werkbare dryfkrag.

Ons kan u die versekering gee dat daar uiters versigtig gewerk word met die ledebydraes wat ontvang word. Alle fondse met betrekking tot die HSAG word in 'n aparte trustrekening betaal vir onder andere regs-koste, uitgawes en die administrasie van die HSAG, welke groep uit ongeveer 7 000 individue bestaan.

Hierdie rekening wat spesifiek vir dié doel deur die HSAG-prokureurs geopen is, word behoorlik geoudit deur onafhanklike ouditeure. Die HSAG-prokureurs hef slegs fooie en uitgawes soos en wanneer dit nodig is en dit nadat die werk reeds gedoen is.

Ons versoek u dus ernstig om 'n daadwerklike poging aan te wend om u lede-bydraes op datum te bring ten einde u saak vorentoe te neem.

## **5. HSAG INLIGTINGSESSIES NOVEMBER 2017**

Die HSAG-bestuur is van voorneme om gedurende November 2017 inligtingsessies in die volgende stede / dorpe aan te bied:

- 2 November 2017 Port Elizabeth (Oos-Kaap)
- 3 November 2017 Mosselbaai (Wes-Kaap)
- 13 November 2017 Potchefstroom (Noordwes)

- 14 November 2017 Johannesburg (Gauteng)
- 15 November 2017 Pretoria (Gauteng)
- 16 November 2017 Bloemfontein (Vrystaat)
- 24 November 2017 Paarl (Wes-Kaap)

Hierdie sessies sal dien as 'n toets vir toekomstige besoeke en inligtingsessies aan stede en dorpe regoor Suid-Afrika om die HSAG-lede in staat te stel om direk met die HSAG-Bestuurkomitee en/of regsplan te kommunikeer. Die idee is om die sessies te befonds deurdat opbetaalde en meer welgestelde individue, lojale geregistreerde lede wat finansiële baie swaar kry, te borg. Die totale aantal borgskappe wat benodig word sal aan die sameroepers van die inligtingsessies by elke stad/dorp, gekommunikeer word.

Alhoewel ons in elke stad en dorp 'n aanbieding sou wou aanbied, is dit ongelukkig nie altyd prakties nie moontlik nie. Indien u graag 'n sessie gedurende 2018 in u stad of dorp wil reël, kan u gerus vir ons kontak by [hsagenquiries@gmail.com](mailto:hsagenquiries@gmail.com).

Ons versoek HSAG-lede vriendelik om te registreer om die inligtingsessies by te woon waartydens die hoof van die litigasiespan asook 'n lid van die HSAG-bestuur beleggers gaan toespreek oor die nuutste verwickelinge en die pad vorentoe.

'n E-pos met verdere besonderhede sal binne die volgende week aan beleggers gestuur word.

Vir meer inligting, is u welkom om die prokureurs van rekord se kantore te kontak of om ons webblad te besoek.

## **6. DEBIETORDERFASILITEIT TEN AANSIEN VAN AGTERSTALLIGE KOSTES**

Die HSAG is in die proses om 'n debietorderfasiliteit in werking te stel waar beleggers, wat agterstallige gelde ten aansien van registrasie- en regskostes het, hul maandelikse bydraes by wyse van 'n debietorder kan lewer.

Om die administrasie en kostes te beperk is die minimum bedrag vir die debietorder R300 per maand totdat trustopvragings aangesuiwer is, welke bedrag jaarliks hersien sal word.

Sodra die fasiliteit geskep is, sal daar 'n e-pos aan dié beleggers uitgestuur word waarop diegene wat van die fasiliteit gebruik wil maak kan antwoord.

Die debietorderfasiliteit sal slegs beskikbaar wees vir lede wat agterstallig is ten aansien van registrasie- en regskostes.

## **7. HOFSAKE EN TYDSDUUR DAARVAN**

Die HSAG het op 2 Oktober 2017 'n skrywe aan die Registrateur van die Hoogste Hof van Appèl (HHA) geadresseer, met die versoek dat die Johannesburg en Pretoria appèl aangeleenthede van die HSAG, gelyktydig en op 'n bespoedigde basis

aangehoor word. Ons het 'n vinnige antwoord van die Registrateur van die HHA ontvang en is die proses aan die gang.

Orthotouch/mnr. Nic Georgiou se prokureur van rekord moet die Hofverrigtinge se oorkondes bekom, waarna dit by die HHA ingedien moet word.

Sodra ons voorsien word van 'n datum vir die aanhoor van die Appèl in die Hoogste Hof van Appèl sal ons u in kennis stel.

## **8. LIKWIDASIE VAN MAATSKAPPYE (HS 15-22 EN ORTHOTOUCH)**

Die goeie nuus vir HSAG-lede is dat enige likwidasië prosesse geen direkte invloed op die regsprosesse teen mnr Nic Georgiou, sy familie of ander respondente persoonlik sal hê nie en sal die HSAG steeds voortgaan om sy doelstellings na te streef en sy lede se skades en verliese te verhaal.

Die HSAG het verskeie e-posse en telefoonoproepe ontvang met betrekking tot 'n skrywe van die besigheidsreddingspraktisyn, mnr Hans Klopper, en die nuusbriewe van die HSBF-webtuiste wat beweer dat, indien Orthotouch gelikwideer sou word, die likwidateurs moontlik die maandelikse paaiemente soos aan beleggers betaal mag terugeis.

Die HSAG bevestig weereens dat 'n skriftelike opinie ten opsigte van die regspraak vanaf 'n Advokaat verkry is. Die opinie stel dit duidelik dat die likwidateurs nie sondermeer die maandelikse rentebetelings/inkomste soos aan HSAG-beleggers betaal, terug kan eis nie. Alle opbetaalde HSAG-lede sal verder die nodige regshulp ontvang ingeval hul soortgelyke dreigemente ontvang. Hier volg 'n opsomming van die Advokaat se redes:

- 8.1 Die maandelikse betalings word gemaak ingevolge 'n verpligting wat Orthotouch opgedoen het kragtens die Reëlinskema, welke verpligting opgedoen is in ruil vir die verkryging van verskeie vaste eiendomme van die Hoëveld-maatskappye. Betalings deur Orthotouch is derhalwe nie "sonder teenwaarde" nie, soos bedoel in artikel 26 van die Insolvensiewet van 1936 ("die Wet"), en gelde kan nie teruggeëis word ingevolge hierdie artikel nie.
- 8.2 Wat betref artikels 29 en 30 van die Wet, sal een krediteur (soos 'n belegger) nooit bo 'n ander bevoordeel kan word solank as wat betalings deur Orthotouch gemaak word in ooreenstemming met die formule soos vervat in die Reëlinskema-dokument nie.
- 8.3 Betalings wat deur Orthotouch gemaak word is gemaak in die "gewone loop van besigheid". Dit is 'n verdere rede waarom die Likwidateurs nie die gelde kan terugeis nie.
- 8.4 Orthotouch se krediteure is Hoëveld-maatskappye. Dit is die Hoëveld-maatskappye wie, by ontvangs van die maandelikse betalings van Orthotouch, op hulle beurt die beleggers betaal. Dit beteken dat die Likwidateurs van Orthotouch slegs 'n potensiële eis teen die Hoëveld maatskappye het – en nie teen die beleggers nie.

- 8.5 Sou die Hoëveld-maatskappye ooit gelikwieder word, sal die likwidadeurs nie betalings kan terugeis nie vir soortgelyke redes as wat hierbo uiteengesit word.

Die HSAG is glad nie ten gunste van likwidasies nie en het nog nooit gedreig of gepoog om Orthotouch of selfs die HS-maatskappye te likwieder nie. Hierdie misleidende stellings is deur Mnre Georgiou, Hancke, en Klopper en Me Visagie gemaak. Indien u al die korrespondensie van die betrokke partye nagaan sal u merk dat slegs Mnr Georgiou en sy ondersteuners die dreigemente ten aansien van likwidasië gemaak het. Likwidasië sal die laaste uitweg vir die HSAG wees. Likwidasiës word gereël deur wetgewing. Indien 'n maatskappy of entiteit uiteraard insolvent is of onder insolvente omstandighede bedryf word is daar ongetwyfeld 'n risiko dat daardie maatskappy deur enige krediteur of belanghebbende gelikwieder kan word en het nóg die HSAG enige beheer daarvoor nóg kan dit geblameer word daarvoor.

## **9. ADMINISTRATIEWE AFSNYDATUM VIR REGISTRASIE BY DIE HSAG**

**Die afsnydatum vir laat-registrasies vir aansluiting by die HSAG is verleng tot 30 November 2017 om 24:00.** Die registrasievorms is op die webtuiste by [www.hsaction.co.za](http://www.hsaction.co.za), beskikbaar of in die alternatief kan u 'n e-pos stuur na [hsagregister@gmail.com](mailto:hsagregister@gmail.com) om 'n registrasievorm te versoek. Alle versoeke en voltooide registrasievorms moet aan [hsagregister@gmail.com](mailto:hsagregister@gmail.com) gestuur word.

## **10. STAAT VIR DEELNAME AAN DIE HSAG**

Vind asseblief hiertoe aangeheg u bydraestaat vir u deelname aan die HSAG.

Let asseblief op die volgende:

- i. Indien geen opvraging ten aansien van registrasie-, regs- of administrasiekoste of 'n krediet op u staat verskyn nie, beteken dit dat u waarskynlik in 'n groep val wat nie geprosesseer en/of geallokeer is nie, en sal dit, indien dit onder ons aandag kom of gebring word, op 'n latere staat verskyn:
  - a. Die aangevraagde opvraging vir 2016-regskoste was R1 000 per sindikasie.
  - b. In Mei 2017 was 'n verdere opvraging vir bydrae tot regs- en administrasiekoste van R2 000 per persoon gemaak.
  - c. 'n Eenmalige registrasiekoste per sindikasie was ook gehef en sal ook op u staat verskyn.
  - d. Indien 'n balansstaat 'n kredietbedrag toon, is u 'n geregistreerde lid van die HSAG, maar het ons nog nie u voltooide aansoekvorm ontvang nie. Geliewe die aansoekvorm af te laai vanaf ons webwerf of rig 'n versoek aan ons daarvoor op [hsagregister@gmail.com](mailto:hsagregister@gmail.com).
- ii. **Let asseblief daarop dat die inligting op ons rekords aanvanklik verkry is vanaf aansoekvorms:**
  - a. Indien u aansoekvorm gevolglik foutief, onduidelik of onvolledig is, sal u moontlik geen state of e-posse ontvang nie.
  - b. Voltooi asseblief die HSAG-vraelys op "Survey Monkey", wat van tyd tot tyd op ons webtuiste geplaas word, ten einde u inligting op datum te bring of stuur vir ons 'n e-pos na [hsagregister@gmail.com](mailto:hsagregister@gmail.com).



- iii. Kliek asseblief op die **e-pos skakel** aan die einde van hierdie nuusbrieff om na die "Customer Zone" te gaan waar u die opvragings vir registrasie-, regskostes en u betalings kan sien.
- iv. Weens aaneenlopende groot hoeveelheid navrae, registrasies, wysigings van persoonlike besonderhede en allokasies, is dit moontlik dat sommige betalings en/of registrasies nie op die aangehegte Staat sal verskyn nie, maar eers op 'n latere Staat. Maak asseblief seker dat u inligting korrek is.
- v. Geoutomatiseerde state sal van tyd tot tyd (gewoonlik maandeliks) uitgestuur word, maar u skakel na die "Customer Zone" sal deurentyd aktief bly en u kan ter enige tyd u betalings en transaksies daarop sien, soos wat dit geallokeer word.
- vi. Indien daar enige uitstaande bedrae is word u vriendelik versoek om dit so spoedig moontlik te betaal ten einde onnodige administrasie en/of verdere kostes te verhoed. Sodanige lede loop die gevaar dat hul lidmaatskap by die HSAG opgeskort word.
- vii. Registrasieheffings is betaalbaar op alle nuwe en agterstallige (90 dae en ouer) registrasies. Registrasiekoste beloop tans R1 500,00 per sindikasie en, indien latere registrasies toegelaat word, sal daar waarskynlik 'n verdere heffing vir registrasiekoste per sindikasie vir alle nuwe registrasies gehef word ten einde finansiële bydraes deur huidige HSAG-lede te verlig.
- viii. Deelname aan die HSAG is algeheel vrywillig, maar sal persone wat nie aan die HSAG behoort of hul versoekte bydrae op datum hou nie, nie aanspraak kan maak op enige regte of voorregte wat getroue lede van die HSAG geniet nie. Persone wat hardvogtig weier of versuim om ledebydraes te maak se lidmaatskap sal beëindig word.
- ix. Ons bedank u vir u lojale ondersteuning waarsonder die HSAG Klas-aksie nie moontlik sou wees nie.
- x. U kan verseker staatmaak op ons onverdeelde lojale ondersteuning van die HSAG-lede en geassosieerdes.
- xi. Enige spesifieke navrae kan aan [hsagenquiries@gmail.com](mailto:hsagenquiries@gmail.com) gerig word.

Vriendelike groete

HSAG Bestuurskomitee

Kontak die HSAG en prokureurs by:

Tel: (021) 887 7877

[hsactiongroup@gmail.com](mailto:hsactiongroup@gmail.com)